

# eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY<sup>®</sup>  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 8 No 2 April 2014  
Personeelblad van die NWU



Sy is  
gaande  
oor  
planne  
wat wérk

Stelsel vir  
finansies  
verander

Ons bou stewige  
fondasies vir  
die toekoms

# INHOUDSOPGAWE

- 2 Hoe die web in 2013 gebruik is
- 3 Boodskap van die visekanselier Eish! kyk hoe alles styg!
- 4 Internasionale paneel evalueer NWU
- 5 NWU en Hokkaido skep gulde geleentheid
- 6 Nuwe infrastruktuur om oor opgewonde te raak
- 8 Fokus op jaarlikse salarisaanpassings
- 9 Veranderinge op finansies-front raak talle
- 10 Sy lééf vir nuwe dinge
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 NWU-kundiges kén hul storie
- 16 Ons mense – JP het 'n aansteeklike stokperdjie
- 17 As ek 'n eerstejaar kon wees, sou ek sê...
- 18 En die weners is...  
Wen! Wen! Wen!
- 19 Werkswinkel baan die weg vir inligtingsvoldoening



**Voorblad:** Pof Marlene Verhoef, institusionele registrateur, sê verandering maak die lewe vir haar spesiaal. Lees meer oor haar idees op p 10.

## NEEM KENNIS:

Die Eish! word van nou af soos volg versprei: Alle permanente personeel ontvang gedrukte kopieë en tydelike personeel elektroniese kopieë.

Indien u graag dit op 'n ander wyse wil ontvang stuur gerus 'n e-pos aan [marelise.santana@nwu.ac.za](mailto:marelise.santana@nwu.ac.za).

## Hoe die web in 2013 gebruik is

Gedurende 2013 het 1 143 736 mense van buite die NWU die universiteit se webwerf 3 683 658 keer besoek.


Volgens hierdie statistiek (verkry vanaf Google Analytics) maak 'n besoeker gemiddeld vier bladsye per besoek oop en duur so 'n virtuele besoek ongeveer vier en 'n half minute.

Die tabel hieronder toon die blaaie op die NWU-web wat die meeste besoek is gedurende 2013 (die Engelse, Afrikaanse en Setswana landingsbladsye uitgesluit):


Bladsy	Besoeke
Huidige studente – Potchefstroom-kampus (Afrikaanse bladsy)	380 351
Fakulteite en skole (Engelse bladsy)	107 491
NWU-kwalifikasies en kursusse (Engelse bladsy)	90 358

\* Hierdie syfers sluit nie interne netwerkverkeer (van binne die Institusionele Kantoor en die drie kampusse) in nie.

Die meeste besoekers het hul tabellekenaars gebruik om toegang te kry tot die NWU se webwerf, gevolg deur selfone en tabellekenaars:



Die gewildste tipes selfone wat gebruik is om toegang te verkry tot die NWU se webwerf, is die volgende:



Me Moira Muller het onlangs by die NWU se webspan in die Institusionele Kantoor aangesluit. Moira, voorheen van CTExT op die Potchefstroom-kampus, is aangestel as aanlyn webinhoudspesialis. Die NWU-webspan word gelei deur mnr Cobus Steenkamp, NWU-webbestuurder, met me Géna Thompson, senior IT-konsultant, en me Ronel Röscher, webontwikkelaar, wat die span voltooi. Moira, Cobus en Ronel is van Institusionele Bevordering en Géna is van Inligtingstechnologie Sentraal.

**Redaksionele span:** Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. Eish! word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die Eish! in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan [marelise.santana@nwu.ac.za](mailto:marelise.santana@nwu.ac.za).

## BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

*Beste kollegas*

Terwyl ek hierdie boodskap aan ons Eish!-lesers skryf, is daar nog twee baie besige weke oor voor ek uittree as visekanselier van die NWU. Teen die tyd dat julle dit lees, is prof Dan Kgwadi egter reeds die nuwe visekanselier.

Soos julle weet, sou ek aanvanklik aangebly het tot die einde Mei wanneer my termyn verstryk. In die lig van die verdere hantering van die gebeure rondom die beweerde ontgroeningspraktyke en sogenaamde nazi-salute op die Potchefstroom-kampus het ek egter besluit om vroeër – op 31 Maart reeds – die stuur aan prof Dan oor te gee.

Dat ek vroeër uittree, moet nie gesien word asof ek die NWU-skip in stormweer versaak het nie. Ek het nie bedank nie en is ook nie van die skip af gestoot nie. Ek het van 'n baie stabiele skip af tot op die kaai getree om die skip aan die nuwe kaptein te oorhandig. Dit was 'n pragmatiese, logistiese besluit. Dit maak net sin dat die persoon wat vir die volgende ses jaar aan die stuur sal wees, nou reeds die geleentheid moet kry om betrokke te raak en verantwoordelikheid te aanvaar.

Daar is heelwat prosesse in plek gestel om die resultate van die ondersoek – ons eie en ook dié in opdrag van die minister van Hoër Onderwys en Opleiding, dr Blade Nzimande – op te volg. Hierdie prosesse sal langer duur as my termyn en daarom was dit net logies dat prof Dan oorneem om dit van die begin af te dryf en enduit te sien.

Tot aan die einde van Mei sal ek egter steeds sekere pligte met betrekking tot sekere eksterne belanghebbers soos donateurs, sakeleiers en alumni nakom. Die afsheidsfunksies wat vir my op die onderskeie kampusse en by die Institusionele Kantoor gereël is, sowel as die oorkoepelende afsheidsfunksie wat vir 30 Mei 2014 geskeduleer is, sal ook voortgaan soos beplan.

My 147 maande by die NWU was 'n besondere tyd in my lewe. Ek gaan hier weg met 'n ligte hart en die wete dat ek 'n instelling agterlaat wat ontsaglik gegroei het in die afgelope jare.

Ek en prof Dan het mekaar goed leer ken in die loopgrawe tydens die onrus op die Mafikeng-kampus in 2008. Ek kan met 'n geruste hart sê prof Dan is baie geskik om die werk te doen. Ons as die NWU het die afgelope 10 jaar ons missie



bereik om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word. Die NWU het nou 'n nuwe missie nodig en dit is prof Dan en sy span se uitdaging.

Ek het die Mooirivier verruil vir Mooikloof in Pretoria, maar van daar af sal ek die groei en prestasies van die NWU en sy mense met groot belangstelling en geneetheid dophou. Baie dankie aan almal wat my taak hier by die NWU soveel makliker gemaak het. Ek wens al ons Eish!-lesers 'n geseënde verblyf by die NWU toe.

Vriendelike groete,

*Thinus Cloff*



Ekkeen van ons voel deesdae die styging in lewenskoste aan die bas én aan die beursie.

Stygings werk dikwels soos domino's in 'n ry – wanneer die een omval, volg 'n onvermydelike kettingreaksie. As die petrolprys styg, word kos byvoorbeeld duurder en word finansiële oorlewing vir gesinne 'n maandelikse balanseertoertjie.

## Eish!, kyk hoe alles styg!

In hierdie uitgawe van Eish! skryf ons op p 8 oor die lewenskoste-aanpassingsproses wat 'n versigtige toutrekkery behels (sien spotprent op p 19).

Aan die een kant beding die vakbonde geesdriftig vir hul lede wat duim vashou vir 'n stewige verhoging. Aan die ander kant voel die NWU self ook die knyp van stygende kostes en moet die instelling 'n arendsoog op sy begroting hou.

Teen die tyd dat jy hierdie Eish! lees, sal die proses egter hopelik tot bevrediging van beide partye afgehandel wees.

Die woord "styg" is darem nie net 'n bangmaakwoord nie. Dit is ook 'n blymaakwoord wanneer dit by NWU-prestasies kom.

Kyk gerus op die agterblad na die aantal gegraduateerdes wat die NWU sedert die same-smelting in 2004 gelewer het.

Die NWU se infrastruktuur het ook die afgelope dekade aansienlik uitgebrei. So het die Mafikeng- en Vaaldriehoek-kampus elk 'n splinternuwe studentesentrum gekry en is die studentesentrum op die Potchefstroom-kampus vergroot.

Te danke aan die uitbreiding van bestaande koshuise en die bou van nuwes het die hoeveelheid beddens wat beskikbaar is vir koshuis-inwoners, die afgelope dekade ook gestyg. Op die Mafikeng-kampus het dit byvoorbeeld tussen 2005 en 2012 met 1 000 toegeneem.

Lees ook op p 6 en 7 meer oor die groot getal bou-, opgraderings- en instandhoudingsprojekte wat tans dwarsoor die NWU aan die gang is.

Ons wens ons lesers 'n styging toe in alles wat goed is – geesdrif, energie en (hopelik) salaris.

Lekker lees, *Nelia en die Eish!-span*



*Die paneel het uit internasionale sowel as Suid-Afrikaanse lede bestaan. Agter is mnr Ian Bunting, Sentrum vir Transformasie in Hoër Onderwys, dr Barney Pityana, voormalige visekanselier van Unisa, dr Tobern Rasmussen, Denemarke, en dr Nico Cloete, Sentrum vir Transformasie in Hoër Onderwys. Voor is prof Lynn Meek, Australië, prof Frans van Vught, Nederland (voorsitter), en prof Mala Singh, voormalige lid van die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee en die Raad vir Hoër Onderwys.*

# Internasionale paneel evalueer NWU

**D**ie internasionaal geleide paneel wat die universiteit genooi het om die NWU te evalueer, het op 24 Januarie mondelinge terugvoer gegee.

Na verwagting sal die NWU-raad die verslag in April bespreek. Die finale verslag sal ook openbaar gemaak word. Dit sal saamval met die vieringe rondom die NWU se 10de bestaansjaar.

Die paneel het op Vrydag, 17 Januarie, gearriveer en die daaropvolgende Maandag hul eerste evalueringssessie by die Institusionele Kantoor gehad, gevolg deur besoeke aan die

drie kampusse. Die groep moes die NWU met betrekking tot twee belangrike aangeleenthede evalueer.

Die eerste was die mate waartoe die aanvanklike samesmeltingsdoelwitte behaal is, en die tweede die mate waartoe die NWU se missiestelling verwesenlik is.

Die paneel het 17 paneelsessies met verskeie belanghebbers gehou. Dié groepe sluit in instusionele bestuur, kampusbesture, akademië, studenteiers en streeks-, politieke en gemeenskapsleiers.

Hulle het op onderrig-leer, navorsing, implementering van kundigheid, mensekapitaal, transformasie, finansies en infrastruktuur gefokus.

Dr Theuns Eloff, visekanselier, sê dit is definitief nie algemene praktyk vir universiteite om hierdie tipe evaluering te laat doen nie.

“Ek weet nie van enige ander universiteite wat soortgelyke evalueringprojekte deurgevoer het nie. In ons geval is dit ‘n uitstekende geleentheid om vir prof Dan Kgwadi, die nuut aangestelde visekanselier, ‘n oorsig te gee van die uitdagings wat vir die NWU voorlê.”

# NWU en Hokkaido skep gulde geleenthede

**Verteenwoordigers van die NWU en die Hokkaido Universiteit van Japan het 'n memorandum van verstandhouding onderteken. Dié ooreenkoms skep gulde geleenthede om akademiese kennis uit te ruil.**

Die ooreenkoms tussen die NWU en Hokkaido Universiteit is Woensdag, 5 Februarie, onderteken deur dr Theuns Eloff, visekanselier, en prof Ichiro Uyeda, bestuurshoof en visepresident van Hokkaido Universiteit.

'n Afskrif is ook Dinsdag 4 Februarie mede-onderteken deur die nuut aangestelde visekanselier, prof Dan Kgwadi, steeds in sy hoedanigheid as rektor van die Mafikengkampus.

Samewerking tussen die NWU en Hokkaido gee aan studente die geleentheid om aan internasionale uitruilprogramme deel te neem. Dit impliseer ook die uitruil van akademië en navorsingsgenote, akademiese materiaal, publikasies en inligting, sowel as gesamentlike navorsingsprojekte en simposiums.

Die ooreenkoms spruit voort uit 'n reeds goed gevestigde verhouding tussen die NWU en Hokkaido. Dit is veral te danke aan die harde werk van prof Victor Wepener en prof Nico Smit van die Fakulteit Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus.

Mnr Nico Wolmarans, een van die NWU se meestersgraadstudente, sal tydens 'n drie maande lange navorsingsbesoek aan die Nagraadse Skool vir Veeartsenykundige Geneeskunde opleiding kry oor die ontleding van DDT (dichloordifenieltrichlooretaan) by amfibieë. Dit is deel van sy navorsingsprojek oor die invloed van DDT-besuipting op amfibieë van die Pongola-vloedvlakte.

Die ondertekening van die ooreenkoms is opgevolg deur 'n aanbieding deur vyf professors oor Hokkaido Universiteit se nagraadse skole vir veeartsenykundige geneeskunde, gesondheidswetenskappe, ekonomie en besigheidsadministrasie en omgewingswetenskappe.

Volgens prof Nicholas Allen, direkteur vir internasionale skakeling in die Internasionale Kantoor, is die ondertekening van die ooreenkoms baie belangrik vir die NWU. "Die Hokkaido Universiteit word allerweë as een van die voorste 100 wetenskaps- en

navorsingsuniversiteite in die wêreld beskou. Hulle is die 23ste beste universiteit in Asië en 138ste beste universiteit in die wêreld. Dit is 'n wonderlike geleentheid om 'n ooreenkoms met so 'n toonaangewende universiteit te onderteken," sê hy.

*Dr Theuns Eloff en prof Ichiro Uyeda onderteken die ooreenkoms. Hokkaido Universiteit is 'n hoogs gerespekteerde universiteit met ongeveer 20 000 studente.*



# NUWE infrastruktuur om oor opgewonde te raak

*Die Vaaldriehoek kampus se  
Leer- en navorsingsmeent voor-  
sien ook in die behoeftes van  
nagraadse studente. Dit het 'n  
honneurskamer en 'n meesters-  
graad- en PhD-meent.*

*Eish! het onlangs met Fisiese Infrastruktuur en  
Bepanning gesels oor hul opwindende nuwe bou-  
opgraderings- en instandhoudingsprojekte.*

**B**aksteen vir baksteen bou die NWU voort aan 'n soliede fondament vir die toekoms.

Fisiese Infrastruktuur en Beplanning (FIB) is tans besig met 123 projekte, waarvan die waarde van die onderskeie projekte wissel van R50 000 tot R129 miljoen.

Bogenoemde is deel van die infrastruktuurplan vir 2013 tot 2015.

FIB hou hulle egter nie net besig met die konstruksie van nuwe spoggeriewe nie, maar is ook deurlopend besig met verskeie ad hoc-projekte en met die instandhouding van noodsaaklike toerusting op alle kampusse.

Verskeie projekte is reeds in 2013 afgehandel en vroeg in 2014 in gebruik geneem. Dit sluit onder andere in fase twee van 'n nuwe natuurwetenskappe-kompleks op die Mafikengkampus en die opgradering van die IT-masjienkamer op die Potchefstroomkampus.

Die nuwe natuurwetenskappe-kompleks is hoofsaaklik deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding befonds, maar die NWU het ook 'n bydrae gelewer tot die voltooiing van dié fasiliteit.

#### **AANSIENLIKE BELEGGINGS**

Noodsaaklike opgradering aan die IT-masjienkamer het ongeveer R11 miljoen gekos. Mnr Hendrik Esterhuizen van FIB sê die belangrikheid van opgradering en voorkomende instandhouding kan nooit onderskat word nie. Dit is daarom dat FIB-projekte soos die opgradering van die IT-masjienkamer as prioriteite beskou.

FIB-projekte neem ook die omgewing in ag. "In al die projekte waarby ons betrokke is, poog ons ook om groen te gaan. Geboue

moet omgewingsvriendelik wees en die NWU se groenvoetspoor bevorder en ondersteun," sê Hendrik.

Volgens mnr Joep Joubert, FIB-hoofdirekteur, is daar op al drie kampusse groot projekte waarmee hulle tans besig is.

Dié projekte is 'n nuwe verpleegkundegebou en koshuise by die Mafikengkampus, 'n nuwe farmasiegebou vir die Potchefstroomkampus en 'n biblioteek vir die Vaaldriehoekkampus.

#### **GESONDE ONTWIKKELING OP MAFIKENG**

Die Mafikengkampus gaan binnekort 'n nuwe verpleegkundegebou hê. Die Skool vir Omgewings- en Gesondheidswetenskappe op dié kampus het tans nie 'n eie gebou vir verpleegkunde nie. Me Liesel van Wyk van FIB sê hulle is baie opgewonde oor dié nuwe fasiliteit. Die tender is in Februarie toegeken word en volgens plan sal die gebou teen 2015 voltooi wees.

Nog 'n baie belangrike projek vir die Mafikengkampus is die bou van nuwe koshuise wat saam 486 studente sal kan huisves. Twee bestaande koshuisblokke word ook opgegradeer.

#### **FARMASIE-KOMPLEKS KOM EERSDAAGS**

Die groot projek op die Potchefstroomkampus is 'n nuwe kompleks vir farmasie en biologiese wetenskappe wat tans gebou word.

Die bouprojek het in 2013 begin met die sloping van huise op die perseel wat vir dié gebou geoormerk is.

Die projek geskied in fases en die eerste fase behels die voltooiing van die farmasiegebou en struktuur van die gebou vir biologiese wetenskappe. Na verwagting sal dit teen 2015 voltooi wees.

#### **INLIGTINGSMEENT IS INDRUKWEKKEND**

Die Vaaldriehoekkampus se nuwe biblioteek is 'n R60 miljoen-fasiliteit.

Dié nuwe gebou staan bekend as die Leer- en navorsingsmeent en huisves verskeie eenhede wat insluit Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning, Studentevoorigting en Ontwikkeling, die Skryflaboratorium en die *South African Water History Archival Repository*.

Die meent het 687 sitplekke en 178 rekenaars en sluit ook 'n 24 uur-studie- en -rekenarlabo- ratorium, 'n kopieerwinkel en 'n koffiewinkel in.

#### **STERK SPAN DRYF FIB-PROJEKTE**

Die FIB-span bestaan uit 28 personeellede wat verdeel is in vier afdelings. Dié afdelings is Beplanning, Projekondersteuning, Konstruksie- bestuur en die Kontrole-afdeling.

FIB is 'n ondersteuningsdepartement in die Institusionele Kantoor wat diens aan die onderskeie kampusse lewer.

Hul doel is om te verseker dat die universiteit se infrastruktuur die kernbesigheid ondersteun.

Dié gemotiveerde span sê van die uitdagings waarteen hulle te staan kom sluit ondermeer begrotings- en hulpbronnebeperkings in.

Tyd is ook altyd 'n faktor waarmee rekening gehou moet word. Ad-hoc-projekte, waarvan hulle nie tydens hul oorspronklike beplanningssessie geweet het nie, moet byvoorbeeld dikwels in reeds goed beplande en streng tydskedules ingewerk word.

Selfs met uitdagings soos dié skroom die span nie om elke projek met entoesiasme en taakgerigtheid aan te pak nie.



◀ Die IT-masjienkamer op die Potchefstroomkampus is onlangs opgegradeer.

▶ 'n Kunstenaarsvoorstelling van die nuwe gebou vir farmasie en biologiese wetenskappe. Dié gebou is een van die talle groot projekte wat deur FIB aangepak is.





**In hierdie uitgawe van Eish! fokus ons op die jaarlikse lewenskoste-aanpassings-proses. Mnr Anton Scheppel, direkteur vir werknemer-verhoudinge by die Institusionele Kantoor, vertel hoe die proses verloop en watter faktore die NWU in ag moet neem voor hulle die beursie kan oopmaak.**

**V: Wat behels die lewenskoste-aanpassings-proses?**

**A:** Dit is die jaarlikse onderhandelinge oor NWU-personeel se salarisaanpassings. Ons skeduleer vooraf ongeveer ses vergaderings. Die eerste vind plaas in Januarie en ons mikpunt is om die proses betyds te voltooi sodat ons die salarisaanpassings op 1 April kan implementeer.

**V: Wie sit om die tafel tydens die onderhandelingsproses?**

**A:** Die onderhandelinge vind plaas tussen verteenwoordigers van die NWU en dié van die erkende vakbonde. Vanjaar verteenwoordig \*NEHAWU sy lede op die Mafikengkampus, en \*\*SAPTU sy lede dwarsoor die NWU.

**V: Wat van NWU-personeel wat nie lede van een van die twee vakbonde is nie?**

**A:** Hulle trek ook voordeel uit die onderhandelinge. Dit werk so: 'n Vakbond moet ten minste 30% van die permanente en vastetermynepersoneel op 'n kampus of by die Institusionele

Kantoor verteenwoordig voordat hulle met die universiteit 'n erkenningsooreenkoms kan sluit en dus deel kan wees van die onderhandelinge.

Wanneer 'n vakbond aan hierdie vereiste voldoen, trek die nie-lede (in dieselfde NWU-personeelkategorieë) op 'n betrokke kampus of by die Institusionele Kantoor ook voordeel uit die vakbond se bedinging.

Die NWU en die vakbonde het egter ooreengekom dat die vereiste in 2015 verander gaan word – 'n vakbond moet dan ten minste 30% van die totale NWU-personeelkorps verteenwoordig om erkenning te kan kry.

**V: Waarom kan die NWU nie net gee wat die vakbonde vra nie?**

**A:** Die NWU waardeer sy personeelkorps en wil hulle graag in 'n posisie plaas dat hulle ten spyte van die styging van lewenskoste steeds hul lewensstandaard kan handhaaf. Daar is egter 'n hele paar faktore wat ons in ag moet neem voor ons 'n finale aanbod kan maak.

**V: Wat is hierdie faktore?**

**A:** Eerstens moet ons kyk na hoeveel geld beskikbaar is in die begroting – hier speel die NWU se inkomste, uitgawes en tekorte 'n rol.

Tweedens moet ons kyk na hoe volhoubaar dit vir die NWU is om 'n bepaalde salarisaanpassing te maak. Onthou, die aanpassing beïnvloed

oer onder meer die uitbetaling van bonusse, opgehoopde verlof, en natuurlik pensioene. Ons moet ook voorsiening maak vir nuwe aanstellings en bevorderings.

Derdens laat ons ons lei deur die nasionale Departement van Finansies se lewenskoste-indeks, onderhewig aan bekostigbaarheid en volhoubaarheid.

Laastens neem ons ook die aanbevelings van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding in ag. Hiervolgens moet personeelkoste nie meer as tussen 57,5% en 63,0% van 'n universiteit se totale inkomste uit staatssubsidie, klagsgeld en beleggings uitmaak nie.

**V: Hoe vaar die NWU met betrekking tot die departement se aanbevelings?**

**A:** Ons salarisuitgawes die afgelope paar jaar was meer as die maksimum toegelate 63,0%, wat nie baie gunstig vir die NWU is nie.


**V: Hoe vergelyk die NWU se salarisaanpassings met ander Suid-Afrikaanse universiteite s'n?**

**A:** Eintlik baie goed. Dit stem ooreen met die ses ander top-universiteite waarmee ons ons vergelyk.

\* National Education, Health and Allied Workers' Union (NEHAWU)

\*\* Suid-Afrikaanse Parastatale en Tersiêre Instellings Unie (SAPTU)

## So verloop die proses





# Veranderinge op finansies-front raak talle



Kundiges wat betrokke is in die implementering van KFS by die NWU is me Hanlie Venter, me Elmarie de Beer, mnr Erik Marx, mnr Johan Schoeman en mnr Francois Steyn.

Die oorskakeling van die finansiële stelsel Oracle na Quali Financial System (KFS) raak nie net personeel wat in finansies-departemente werk nie, maar ook diegene wat per geleentheid finansies hanteer.

Verwante NWU-stelsels wat met die rekening-plan (chart of accounts) integreer, byvoorbeeld dié vir studentedebiteure (VSS), mensekapitaal (Oracle HR) of vir die begroting (IDU), sal ook geraak word, en dus ook die mense wat met hierdie stelsels werk.

So sê me Elmarie de Beer, die NWU se hoof-direkteur vir finansies in die Institusionele Kantoor.

Alle personelede wat die Oracle finansiële stelsel gebruik, sal geraak word. Daar sal nie-finansiële gebruikers wees wat ook geraak mag word, aangesien die finansiële stelsel met hul besigheidstelsels integreer.

“Al is jy byvoorbeeld ’n sekretaresse wat net nou en dan ’n rekening betaal, of ’n bestuurder wat chemikalieë vir jou laboratorium bestel, sal jy wél beïnvloed word deur die oorskakeling wat vir die begin van 2015 beoog word,” sê sy.

Personeel kan egter gerus wees dat almal wat betrokke is, voor die oorskakeling na KFS deeglik opgelei sal word.

## IS DIT KOSTE-EFFEKTIEF?

Die NWU het in 2006 na die Oracle-stelsel oorgeskakel en nou verander ons weer – is dit dan nie geldmors nie?

“Nee,” sê Elmarie, “ná die samesmelting het die kampusse verskillende stelsels gebruik en moes ons na ’n gemeenskaplike stelsel oorskakel. In daardie stadium was Oracle die beste opsie.”

“Indien KFS toe al beskikbaar was, sou dit waarskynlik ons eerste keuse gewees het, omdat dit deur universiteite vir universiteite ontwikkel is.

“Daarenteen is Oracle ’n stelsel wat vir alle soorte ondernemings ontwikkel is en dus nie pasgemaak is vir hoërondervysinstellings, wat minder as 1% van Oracle se kliëntebasis uitmaak, nie.

“Boonop betaal ons jaarliks duur lisensiegelde aan Oracle.”

## VOLG DIE PROSES

### 2012

#### Augustus 2012

NWU-kernspan (IT en Finansies by die Institusionele Kantoor) ondersoek KFS.

### 2013

#### Januarie 2013

Ontwikkelingsprojek skop af.

### 2014

#### Februarie 2014

Eerste werkwinkel vir intensiewe gebruikers op kampusse.

#### April 2014

Ontwikkelingsprojek sal teen einde April afgehandel wees.

#### Julie 2014

Verwagte datum om alle verwante stelsels se integrasie met KFS te finaliseer.

#### Augustus 2014

Eindgebruikers-toetsing om te sien of hulle die stelsel aanvaarbaar vind en watter aanbevelings hulle oor KFS maak

#### November 2014

Opleiding vir gebruikers word afgehandel.

#### 19 Desember 2014

Beplande datum vir begin van oorskakelingsproses.

### 2015

#### 4 Januarie 2015

Beplande datum om KFS in produksie te neem.

# Sy lééf vir nuwe

***Eish! gesels met prof Marlene Verhoef, die nuut aangestelde institusionele registrator van die NWU. Dié merkwaardige vrou vertel ons meer van haar siening oor verandering en haar verbintenis met die NWU.***

**N**uwe dinge. Dit is wat prof Marlene Verhoef aanvuur. Hetsy dit nuwe uitdagings, nuwe projekte of bloot 'n nuwe resep of twee van die internet is, verandering maak die lewe vir haar spesiaal.

Prof Marlene is sedert 1 Januarie 2014 die institusionele registrator van die NWU, 'n pos wat baie eise stel. Vir haar is dit dié nuwe eise wat haar opgewonde maak oor die rol wat sy voortaan by die NWU sal vertolk.

## **TAAKGERIGTHEID EN SAMEWERKING**

Sy meen dit is haar taakgerigtheid wat haar in staat stel om die nuwe uitdagings met entoësiësmie aan te pak.

“Ek hou daarvan as dinge bymekaar kom. Soos Hannibal in die *A-Team* van ouds, is ek gaande daarvoor ‘*When a plan comes together*’,” skerts sy. Daar is niks beters as om te sien hoe take en projekte van konseptualisering tot kwaliteitgedrewe proses vorder nie.”

Sy sê in dié opsig is dit veral goed as daar ondersteuning is in die vorm van samewerking. “Dit is wonderlik om saam met mense te werk wat hul kant bring en 'n gemeenskaplike doel voor oë het.”

## **INTEGRITEIT STAAN SENTRAAL**

“Universiteite in Suid-Afrika is almal tans

onder die indruk van die komplekse regulatoriese omgewing waarin ons ons bevind.

“Ek sien dit as my verantwoordelikheid as registrator om seker te maak dat die integriteit van prosesse, intern sowel as ekstern, verseker word. Dit geld vir alles wat met akademiese prosesse te make het – van toelating tot gewone klastoetse en eksamens tot die uiteindelijke graadverwerwing.”

Prof Marlene sê daar is 'n fyn balans tussen institusionele outonomie, akademiese vryheid en publieke verantwoording. Dit is hier waar die registrator 'n belangrike rol speel om te sorg dat ons dinge reg sien en hanteer.

## **NUUT IMPLISEER VERANDERING**

Prof Marlene sê as daar een ding wat net so 'n gegewe is soos die dood en belasting is dit verandering.

Juis omdat dit onvermydelik is, is sy ten gunste van verandering. “Ek glo om relevant te bly, moet ons prosesse bybly met die tyd. Dit is ook belangrik om heeltemal vertrouwd te wees met wat jy doen. As jy presies verstaan hoe dinge werk, kan jy begin om nuwe dinge te verken.

“Jou padkaart moet goed genoeg wees. As jou doelwitte reg is, sal jy koers hou.

“Mens se ingesteldheid moet dan ook reg wees. As jy verandering as 'n avontuur sien en dit met entoësiësmie aanpak, is die nuwe nie vermoeiend nie.”

## **SY LOOP DIE PAD AL LANK**

Prof Marlene se verbintenis met die Noordwes-Universiteit duur al reeds lank. Dié predikantsvrou wat op 'n tyd ook onderwyseres was, het

## *Interessante feite*

**My gunstelingkos:** Ek hou van veral geurige kos en 'fusion'-geregte. Ek probeer graag nuwe disse wat ek veral op Internet raaksien.

**My gunstelingboek:** Afrikaanse literatuur waar daar van die leser verwag word om die betekenislae te ontdek, bly my gunsteling. Ek dink steeds Agaat van Marlene van Niekerk is die groot Afrikaanse roman.

**My gunstelingflik:** Ek hou van kunsfliks, veral die werk van Iranese regisseur, Majid Majidi.

**My gunstelingmusiek:** Russiese liturgiese musiek. My musieksmaak is wyd en ek hou ook van plaaslike sangers soos Amanda Strydom en Coenie de Villiers. Leonard Cohen, Bruce Springsteen en Neil Diamond

se musiek wat met my praat, sê iets van my ouderdom.

**My gunstelingtroeteldier:** Ons gesin het 'n kat, Geelkat, en 'n boerboel, Brol. Ek verkies katte bo honde omdat hulle arrogant is.

**Wat ek doen om te ontspan:** Tuinmaak. Die hele metafoer van tuinmaak is vir my kosbaar.

**My gunstelingvakansiebestemming:** Die ongereptheid van die Richtersveld en Riemvasmaak. Ek hou ook van Europa en moet nog meer van die Oosbloklande besoek.

**Die soort kind wat ek was:** Ek was 'n plaaskind wat van kleinsaf multikultureel en veeltalig is.

# dinge

in 1995 by die Vaaldriehoekampus begin om isiZulu te doseer.

Nadat sy in 2002 betrokke was by 'n taal-oudit wat dr Theuns Eloff gelas het, het sy in 2004 die Taaldirekoraat van die NWU van nuuts af begin.

Prof Marlene is opreg dankbaar vir die loopbaangeleenthede op haar pad.

"Mens moet wakker genoeg wees om die kanse wat die Here jou gee aan te gryp," sê sy. Die beste raad wat sy al gekry het, kom van haar ouma. "Sy het altyd gesê jy moet nie so 'aantreklik' wees nie, bedoelende dat jy nie dinge te persoonlik moet opneem nie."

Prof Marlene sê deur dit in gedagte te hou, behou sy perspektief.

## **DROME BEWAARHEID**

Het sy nog drome wat sy wil bewaarheid? "Nee," antwoord sy beslis. "Ek is dankbaar dat die Here al my drome reeds een vir een waargemaak het..."

Sy is gelukkig en tevrede. Dit waarop sy die trotste is, is die vertrouensverhouding wat sy met haar gesin het. "Die totale tuis-koms, ondersteuning en standvastigheid dra mens. Ek is ongelooflik dankbaar dat ek die geleentheid het om voortdurend na die lewe te kyk deur die oë van my drie seuns en hul vrouens, almal my kinders."

*Die Verhoef-gesin: Prof Marlene en haar man, Awie, is al 34 jaar getroud. Hulle het drie seuns en drie skoondogters – laasgenoemde wie hulle as eie dogters beskou. Van links is Wicus (31) wat met Martso (30) getroud is, Pieter (29) wat met Louw (29) getroud is en Nelis (28) wat met Xandri (28) getroud is.*



# AANTREKLIKE ambassadeurs bekroon

**M**nr Francois du Toit en me Didintle Koonyaditse is nie net Mnr en Me Eerstejaar nie, hulle is ook handelsmerk-ambassadeurs vir die NWU.

Hierdie verantwoordelikheid is aan hulle opgedra deur prof Dan Kgwadi, voormalige kampusrektor, toe hy hulle by 'n onlangse middagete in sy kantoor ontmoet het.

"Julle is nie net die wenners van 'n kompetisie nie; julle is ook 'n baie belangrike deel van die kampus en die breër universiteit.

"Julle is nou handelsmerkambassadeurs," het hy gesê.

Francois en Didintle is as die "gesigte van eerstejaars" gekroon tydens 'n kompetisie wat gedurende die oriënteringsweek in die begin van die jaar gehou is.

Die middagete is ook bygewoon deur mnr Fumbani Phiri, eerste prins, mnr Witness Mbadla, tweede prins, me Mmatsetla Legalatladi, eerste prinses, en me Chante Cronje, tweede prinses.



◀ *Me Didintle Koonyaditse en mnr Francois du Toit het onlangs vir prof Dan Kgwadi, voormalige rektor van die Mafikengkampus, tydens 'n middagete ontmoet. As Mnr en Me Eerstejaar sal hulle onder andere die kampus se studente by universiteitsfunksies verteenwoordig en gemeenskaps-werk doen.*

## Rektor bid vir onderwys

**P**rof Dan Kgwadi, voormalige kampusrektor, het 'n toespraak gehou by die Gebed vir Onderwys-seremonie wat onlangs in Danville, Mmabatho, gehou is.

Die gebedseremonie is georganiseer deur die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. Die doel daarvan was onder meer om leerders en onderwysers van Danville en omgewing aan te moedig om goed te vaar op skool.

Die gemeenskap van Danville het te kampe met groot finansiële en maatskaplike uitdagings.

## Ontsluit gebou én geleentheid



*Prof Eno Ebenso sluit die deur oop van die nuwe deel van die wetenskapsgebou. Hierdie gebou is gesamentlik deur die NWU en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding befonds.*

**S**leutels kan meer as deure ontsluit – hulle kan ook toekomstige geleentheid vir studente oopsluit.

Dit was duidelik toe prof Eno Ebenso, dekaan van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, die deure oopgesluit het van die gebou wat onlangs voltooi is as die tweede fase van die wetenskapsgebou-projek.

Fase twee is 'n dubbelverdiepinggebou met laboratoriums en kantore vir biochemie. Drie ander laboratoriums in die ou wetenskapsgebou is ook opgeknip.

# Belastingbeleid moet nasionale ontwikkeling steun

In die lig daarvan dat die regering onderneem het om sy beleide met die Nasionale Ontwikkelingsplan te belyn, behoort die belastingbeleid sy doelwitte te ondersteun, soos om kleinsake-ondernemings by te staan.

So het prof Raymond Parsons van die Potchefstroom Besigheidskool in 'n artikel in die koerant, *Sunday Times*, geskryf.

Hy sê die opdrag van die Davis-belasting-komitee wat aangestel is om die belastingstelsel te hersien, het sterk bande met dié van die Nasionale Ontwikkelingsplan. Hierdie plan aanvaar dat hoër beleggingsvlakke grootliks deur plaaslike besparings befonds gaan word. Dit suggereer dat besparing – deur maatskappye of individue – deur die belastingstelsel aangemoedig behoort te word, sê prof Raymond.



*Prof Raymond Parsons glo dat belastingherforming optimale en inklusiewe groei moet bevorder, moet lei tot billike uitkomst en moet streef na vereenvoudigde, doeltreffende belastinginvordering.*



*Prof Jan de Kock (middel) ontvang die SAIEE se presidentstoekening van mnr Kemraj Ojageer van Rotek en Roschcom wat die prys geborg het. By hulle is mnr Paul van Niekerk, die instituut se president. Foto: Wattnow Magazine.*

## Hoogste eer gaan aan elektrisiteitsghoeroe

Prof Jan de Kock van die Fakulteit Ingenieurswese het onlangs die hoogste eerbewys ontvang wat die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektriese Ingenieurs (SAIEE) jaarliks toeken.

Prof Jan het tydens die instituut se jaarlikse banket die presidentstoekening verwerf vir sy volgehoue reusebydrae in die Suid-Afrikaanse sektore van elektriese-, elektro-niese-, telekommunikasie- en rekenaaringe-nieurswese.

Volgens mnr Paul van Niekerk, die instituut se president, het prof Jan oor baie jare waardevolle bydraes tot die tersiêre komponent van die ingenieurssektor gemaak.

“Hy is ‘n besondere akademikus en is steeds baie betrokke by strategiese projekte in die sektor. Hy is dus ‘n waardige ontvanger van die instituut se hoogste toekening.”

## Waarom ysterperde welkom is

Mens sidder dalk by die gedagte van honderde motorfietsryers wat op ons rustige gemeenskappe toesak, maar hoe dikwels dink ons aan hul kommersiële waarde? Ons moet dalk.

Die navorsingsfokusarea Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES) het onlangs bewys dat hierdie “easy riders” ‘n winsgewende en tot nou toe onontginde mark is.

Dit was die gevolgtrekking ná ‘n ontleding van die impak van die Africa Bike Week wat jaarliks in Margate, KwaZulu-Natal, gehou word en ongeveer 25 000 motorfiets-entoesiaste lok.

Die navorsing het getoon dat hierdie motorfietsryers ‘n hoogs geleerde nisgroep is. Sowat 47% van hulle spog met ‘n diploma, graad, nagraadse kwalifikasie of professionele kwalifikasie. Hulle verdien goeie salarisse, met ‘n volle 18% wat meer as R552 001 per jaar verdien.

Hulle reis gewoonlik in groepe van so sewe of agt en woon gemiddeld 5,25 saamtrefke per jaar by. ‘n Groep spandeer tipies R8 378 vir ongeveer vyf nagte.

Daar is bereken dat Africa Bike Week ‘n bedrag van R62 722 538 vir die gemeenskap ingebring het. So, antwoord maar volgende keer as die ysterperd-ryers aanklop.



## Diamantpyl versier kampus se koker

Die kampus het onlangs die Professional Management Review (PMR) se Diamond Arrow Award vir die derde agtereenvolgende jaar ontvang.

Die toekening, in die kategorie vir hoëronderrysinstellings, is tydens 'n PMR-sakeontbyting oorhandig waar prof Thanyani Mariba, rektor, die gasspreker was.

Diamant (die hoogste gradering), goud-, silwer en brons-toekennings word gemaak.

Die Quest Conference Estate, 'n sake-eenheid van die kampus, het 'n Bronze Arrow-toekening gekry in die kategorie vir konferensiesentrums.

Die doel van die jaarlikse PMR-opname is om norme te bepaal vir vlakke van bestuurskundigheid, en om verantwoordelike korporatiewe bestuur en innovasie aan te moedig.

Prof Linda du Plessis, viserektor, prof Thanyani Mariba, rektor, me Natanya Meyer, koördineerder van YEBO, en mnr Johann Landsberg, bestuurder van bhive EDC, klink 'n glasie op die studente-organsiasie, YEBO.



## Studente sê "yebo" vir besigheid

Yebo is die kampus se antwoord op die internasionale werkloosheidsyfer wat 'n rekordhoogte onder die jeug bereik het.

Die doel van die Young Entrepreneur Business Organisation of YEBO, soos die groep bekendstaan, is om jongmense te motiveer om entrepreneurskap as 'n beroepskeuse te oorweeg.

"Entrepreneurskap is 'n effektiewe metode om werkloosheid te bekamp," sê me Natanya Meyer,

koördineerder van YEBO. Natanya is 'n dosent in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe.

Ses lede van YEBO het onlangs die Global Entrepreneurship Week in Holland bygewoon. Hulle het aan verskeie sake-uitdagings deelgeneem en het 'n derde plek verower.

Yebo funksioneer as uitbreiding van die kampus se Enterprise Development Centre (bhive EDC).



## Kampus is tuiste vir derde Coachlab-program

Die kampus is nou die tuiste van Suid-Afrika se derde CoachLab-program, bekend as CoachLab@Vaal.

Op 26 Februarie, tydens die bekendstelling van die CoachLab@Vaal, het verskeie belangheb-

bers byeengekom om die samewerking tussen die Innovation Hub, die South African Graduates and Development Agency en die NWU te vier. CoachLab@Vaal word in die bhive Enterprise Development Centre (EDC) van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligting-

Mr Mxolisi Eric Xayiya (links), lid van die Uitvoerende Komitee van Gauteng se Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, was die gasspreker tydens die bekendstelling van CoachLab@Vaal. By hom is me Gopolang Setumo van CoachLab en mnr Johann Landsberg van die bhive Enterprise Development Centre op die kampus.

stegnologie gehuisves. Dit is 'n nagraadse leierskapsprogram vir inligtings- en kommunikasietegnologie- en ingenieurstudente en strek van Maart tot November. Daar word van gegradueerdes vereis om aan projekte te werk met die hulp van persoonlike mentors en kundiges uit die industrie.

CoachLab@Vaal het in 2014 weggespring met 'n begin-inname van 10 inligtings- en kommunikasietegnologie-gegradueerdes.

# NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhouds met die media. In hierdie voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.



Met die verpligte akademiese geletterdheidstoets wat eerstejaars moet skryf, kan die universiteit bepaal hoe die student hom of haar in die nuwe akademiese omgewing kan integreer. As studente die toets slaag, hoef hulle nie die eerste semester se akademiese geletterdheidsmodule te volg nie. As hulle druipe, is die eerste semester egter verpligtend sodat hul begripsvermoë, lees- en rekenaarvaardighede kan verbeter.

Prof Mariëtte Lowes, viserektor vir onderrig-leer, Potchefstroomkampus, "Is eerstejaars reg vir swot?", Vrouekeur, 7 Februarie 2014

Navorsing het bewys dat twee weke van hoë-intensiteit-impakoefening (HII) dieselfde uitwerking as ses tot agt weke se normale oefeninge het. Nog 'n pluspunt van HII is dat jy nie noodwendig oefenapparate benodig nie – jy kan in en om jou huis oefen.

Prof Cilas Wilders, Instituut vir Biokinetika, Potchefstroomkampus "Word tjop-tjop topfiks", Huisgenoot, 13 Februarie 2014



Dit gaan verbruikers voortaan meer kos om te betaal vir geld wat hulle geleen het. Die goewerneur van die Reserwebank het die rentekoers verhoog om die uitvloei van buitelandse beleggings te probeer stopsit en nuwe buitelandse beleggers te lok. Hierdie hoër rentekoerse gaan ongelukkig verbruikers nadelig beïnvloed wat op krediet leef en nou meer moet betaal op verskillende lenings.

Dr André Mellet, Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, Vaaldriehoekkampus "Consumers between a rock and a hard place"

The Citizen, 31 Januarie 2014



Kwessies van die verwesenliking van menseregte en die verdieping van demokrasie en goeie korporatiewe bestuur behoort ons regstelsel ten grondslag te lê. Daar moet ook gedebatteer word oor of die LLB as eerste graad noodwendig die beste kwalifikasie is vir toegang tot die regsprofessie.

Prof Melvin Mbaob, Fakulteit Regte, Mafikengkampus "In academia you publish or perish", The Post Online, Zambië, 2 Februarie 2014

Ek dink nie die gebrek aan kapasiteit (moedertaalonderrig) is 'n struikelblok nie, ons kort die wil. Die probleem is hierdie kultuur dat Engels die taal van die akademie is en dat ander tale net goed genoeg is vir kommunikasie. 'n Geïntegreerde Suid-Afrikaanse burger is meertalig, en mense – veral wit Suid-Afrikaners – sal nóg meer meertalig moet word.

Prof Susan Coetzee-van Rooy, Fakulteit Geesteswetenskappe, Vaaldriehoekkampus "Varsity push for African languages", Post, 20 Januarie 2014



**ONS**  
mense



# JP HET 'N AANSTEEKLIKE STOKPERDJIE



*Die NWU se mense het opwindende en soms ook "gevaarlike" stokperdjies. In ons reeks oor interessante NWU-personeel, kuier ons by 'n personeellid wat 'n groot voorliefde vir heuning het maar nog groter respek vir die bye wat die natuur se "goud" vervaardig.*

**P**rof JP Rossouw van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus het 35 jaar gelede 'n byeboer geword.

Sy pa, Pieter (nou 94), was 'n aktiewe byeboer en het toe die jong JP op 25jarige ouderdom die fynere kunsies van byeboerdery geleer. Van toe af het prof JP nog altyd met bye geboer.

## SOETE BELONING

Die grootste beloning vir 'n byeboer se toegewydheid, geduld en respek is die bye se eie "goud", heuning. Heuning is 'n uitstekende plaasvervanger vir suiker en meer gesond as rietsuiker. Prof JP is tans die trotse eienaar van 10 swerms. Vyf is suid van Potchefstroom en vyf word in die rigting van Carletonville gehuisves.

## LESSE WAT BYE ONS LEER

Volgens prof JP is daar kosbare eienskappe van bye wat vir mense 'n voorbeeld is.

"Daar is 'n baie spesiale interafhanklikheid tussen die koninginbye en die swerm. Die bye hou die korf skoon, versorg en voed die koningin. In ruil verseker haar produktiwiteit die voortbestaan van die swerm. Hierdie samewerking en lojaliteit is bewonderingswaardig."

Prof JP sê bye is ook baie trots op dit wat hulle in die korf opbou. Hulle "aanvaar eienaarskap" van hul voorraad en sal dit vreesloos verdedig.

## DRIE KONINGINNE IN EEN SWERM

Hy vertel dat een van die hoogtepunte as byeboer was toe hy in Januarie vanjaar by 'n NWU-kollega se huis 'n swerm bye gaan verskuif het.

Prof JP sê wanneer swerms te groot raak besluit die koningin om te trek en neem sy bykans die helfte van die bestaande swerm saam met haar.

Sy lê voor haar vertrek 'n paar eiers waaruit potensiële koninginne gebore word.

"Die swerm kan net een koningin hê en daarom moet die potensiële koninginne teen mekaar baklei tot net een oorleef. Ek het die koningin gevang en in die nuwe korf gesit sodat die werkerbye haar sal volg."

Hy sê hy het kort daarna nog 'n koningin opgemerk en haar ook in die korf gesit.

◀ Prof JP Rossouw is nie net 'n akademikus nie, maar ook 'n byeboer.

'n Groot verrassing het die volgende oggend op hom gewag toe hy gaan kyk het of die bye al in hul nuwe korf ingetrek het. Buite die korf was 'n derde koningin wat nie deur 'n versperding in die korf kon ingaan nie. Die ander twee koninginne was steeds in die korf.

"In al die jare wat ek met bye boer het ek nog nooit drie koninginne in een swerm gesien nie. Ek vermoed dat die swerm 'n dag of twee voor die verskuiwing afgestig het en dat die drie nuwe jong koninginne was wat nog vir hul die posisie as koningin moes meeding."

## DIE NUT VAN BYE

Prof JP sê bye se grootste bydrae is dat hulle onontbeerlik is op die gebied van bestuiwing. "Daar is baie gewasse wat totaal afhanklik is van bye vir bestuiwing. Wetenskaplikes beweer dat as bye van die planeet sou verdwyn die mensdom vir slegs drie jaar sou kon aanhou leef as gevolg van 'n tekort aan voedsel."


\* As jy weet van 'n kollega wat iets besonder of interessants in sy of haar lewe buite die universiteit doen, stuur gerus die inligting aan Marelize Santana by [marelize.santana@nwu.ac.za](mailto:marelize.santana@nwu.ac.za).



Personeel wat meer wil weet oor prof JP se "aansteeklike" stokperdjie kan die QR-kode gebruik om

'n videogreep te sien wat hy self van die geboorte van 'n by geneem het.





## AS EK 'N EERSTE JAAR KON WEES SOU EK SÊ.....

*Eish! wou weet waarom ons personeellede opgewonde sou raak en waarvoor hulle versigtig sou wees as hulle in 2014 eerstejaars kon wees.*

**Me Yvette Labuschagne**, bestuurder van die IT-projektkantoor, Institusionele Kantoor: "Ek sou uitsien na die onverwagse gebeurtenisse van elke dag. Ek sou daardie 'ek kan die wêreld verower'-gevoel bottel en wegbêre vir my oudag. Die opwindendste deel sou wees om my man weer te ontmoet.

"Ek sou uiters versigtig wees met dit wat ek sê en doen. Jou aktiwiteite in die sosiale media kan vir altyd by jou spook."

**Mnr Anton Scheppel**, direkteur vir werknemersverhoudinge, Institusionele Kantoor: "Ek sou daarna uitsien om al die nuwe gesigte te sien en al die interessante nuwe mense te ontmoet.

"Ek sou opgewonde wees oor al die nuutgevonde vryheid, maar ek sou baie versigtig gewees het oor wat ek doen daarmee. Ek sou my vryheid verantwoordelik geniet."

**Dr Karabo Mabe**, senior lektor, Skool vir Landbouwetenskappe, Mafikengkampus: "Ek sou daarna uitsien om my voete te vind in die tersiêre-onderwysomgewing. Ek sou na die beste van my vermoë wou presteer in alle modules waarvoor ek geregistreer het. Dit sou ek doen deur seker te maak dat ek

alle klasse bywoon om my kennis en vaardighede uit te brei.

"Ek sou waak teen groepsdruk en swak geselskap, en ek sou seker maak dat ek alle sperdatums haal."

**Mnr Etienne Mostert**, direkteur vir finansies, Mafikengkampus: "Ek sou die meeste uitsien na die nuwe uitdagings van voltydse studies. Ek sou ook baie opgewonde wees om nuwe vriende en kennisse te maak, veral deur sport. Ek sou veral lugtig wees vir mense wat probeer om my dinge te leer wat teenstrydig is met my beginsels en opvoeding."

**Me Pertunia Tholo**, webredakteur, Potchefstroomkampus: "Ek sou waarskynlik uitsien na die nuwe hoofstuk in my lewe – die voorreg en geleentheid om verder te kan studeer. Ek sou bang wees vir die onbekende en vir groepsdruk en verkeerde besluite."

**Me Lynette van der Walt**, senior laboratoriumtegnikus, Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe, Potchefstroomkampus: "Ek sou uitsien na die nuwe fase in my lewe. Ek sou nuwe vriende maak om langdurige vriendskappe vir die res van my lewe te verseker. Ek sou lugtig gewees het vir al

die nuwe dinge en veral al die nuwe vryheid sonder ouers en onderwysers wat kan leiding gee."

**Me Tumi Mzini** senior lektor, Skool vir Basiese Wetenskappe, Vaaldriehoekskampus: "Ek sal daarna uitsien om die universiteitsgeboue te verken en sal trots met my handboeke in die gange af loop.

"Ek sou ook kafeteria toe gaan en kyk wat daar alles te ete is, want toe ek op skool was, moes ek my eie middagete inpak en het ek nie so 'n groot verskeidenheid gehad om uit te kies nie... As jong student en 'n meisie sou ek baie versigtig gewees het vir mans."

**Mnr Herman Steyn**, hoofdirekteur vir finansies, Vaaldriehoekskampus: "Ek sou met 'n gevoel van dankbaarheid daarna uitsien om deel te wees van 'n bevoorregde groep jongmense wat die geleentheid het om meer oor die wêreld te wete te kom. Ek sou opgewonde wees oor die geleentheid vir interaksie met mense uit verskillende agtergronde, waardes en gebruike. Ek sou soveel as moontlik by hulle leer en terselfdertyd my kultuur en gewoontes met hulle deel. Ek sou versigtig wees om nie te veel te studeer en te min te speel nie, want dit begin alles hier – met jou eerste jaar!"



YVETTE



ANTON



KARABO



ETIENNE



PERTUNIA



LYNETTE



TUMI



HERMAN

# En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



**Institusionele Kantoor:**  
Me Elzane van der Wath,  
administratiewe beampte,  
Mensekapitaal



**Mafikengkampus:**  
Mnr Isaiah Mlanga, lektor,  
Skool vir Wiskundige en Fisiese  
Wetenskappe



**Potchefstroomkampus:**  
Mnr George Seretse,  
assistent, Ferdinand Postma  
Biblioteek



**Vaaldriehoekkampus:**  
Me Aldine Oosthuysen,  
bestuurder, Inligtings-  
tegnologie

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

# Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1. Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.
2. Watter twee erkende vakbonde verteenwoordig vanjaar die NWU-personeel tydens die lewenskoste-aanpassingsproses?
3. Met watter Japannese universiteit het die NWU 'n memorandum van verstandhouding onderteken?
4. Wat stel prof Marlene Verhoef, die nuwe institusionele registrateur, in staat om nuwe uitdagings met entoesiasme aan te pak?
5. Op watter datum het die internasionale paneel wat die NWU evalueer het, mondelinge terugvoer gegee?
6. Watter groot bouprojek op die Potchefstroomkampus het in 2013 begin en sal na verwagting in 2015 voltooi word?

Pos: Marelize Santana

Interne bussie 260

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat ontvang word, sal 'n prys loslaan!

# Werkswinkel baan die weg vir **inligtingsvoldoening**

Die NWU moet aandag gee aan dringende sake met betrekking tot inligtingsbestuur om binne die wet te bly.

Dit het duidelik geword tydens 'n werkswinkel wat prof Marlene Verhoef, instusionele registrateur, en die afdeling Rekordbestuur en Administrasie in die Instusionele Kantoor, op 17 Februarie aangebied het.

Meer as 65 senior personele het die werkswinkel bygewoon. Dit was daarop gemik om bestuurders in te lig oor die belangrikheid van die suksesvolle implementering van 'n voldoende inligtingsbestuursraamwerk vir die NWU.

Mnr Paul Mullon van COR Concepts, 'n inligtingsbestuurskonsultasiefirma, het benadruk dat dit onmoontlik is vir die NWU om te ont- kom aan die houvas en implikasies van verskeie

stukke wetgewing en kodes wat 'n impak op die universiteitsomgewing het.

Dié wetgewing sluit in die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, die Wet op Verbruikersbeskerming, die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting en die King III-verslag oor korporatiewe bestuur.

“Die NWU moet so gou moontlik begin om 'n inligtingsbestuursraamwerk met sy verskillende komponente te implementeer,” sê prof Marlene. “Dit sluit rekord-, korporatiewe en IT-bestuur, privaatheidsbeskerming en inligtings- risiko en -sekuriteit in.”

Sy sê die span van Rekordbestuur en Administrasie sal opvolg-besprekingsessies op 'n een-tot-een-basis reël. Dit is om kwessies wat tydens die werkswinkel geopper is, te bespreek.



*Mnr Paul Mullon, spreker by die werkswinkel oor inligtingsbestuur, is al vir 24 jaar lank betrokke by werkvloei-, dokument- en rekordbestuur.*

Volgens me Amanda van der Merwe van Rekordbestuur en Administrasie in die Instusionele Kantoor sal soortgelyke werksinkels jaarliks aangebied word.



'n Bietjie dié kant toe... dan weer anderkant toe... Mnr Anton Scheppel, direkteur vir werknemersverhoudinge hanteer die jaarlikse lewenskoste-aanpassingsproses namens die NWU. Die vakbonde NEHAWU en SAPTU het vanjaar namens die NWU-personeel vir salarisverhogings beding. Lees meer oor dié "toutrek-proses" in die artikel op p 8.

# 2004 – 2014 | NWU-GEGRADUEERDES


So presteer en groei die NWU

\* Die 2013-syfers is nog nie finaal nie.




## MAFIKENGKAMPUS

### FAKULTEIT HANDEL EN ADMINISTRASIE




### FAKULTEIT ONDERWYS EN OPLEIDING



### FAKULTEIT REGTE



### FAKULTEIT GEESTES- EN SOSIALE WETENSKAPPE




### FAKULTEIT LANDBOU, WETENSKAP EN TEGNOLOGIE



## VAALDRIEHOEKKAMPUS

### FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE




### FAKULTEIT EKONIESE WETENSKAPPE EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE



## POTCHEFSTROOMKAMPUS


### FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE




### FAKULTEIT TEOLOGIE




### FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE



### FAKULTEIT OPVOEDINGSWETENSKAPPE




### FAKULTEITE EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE



### FAKULTEIT REGTE



### FAKULTEIT INGENIEURSWESE



### FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

